# Die Calvinistiese onderwysleer: Pedagogies normatief of anti-normatief?

S Schoeman
Universiteit van Suid-Afrika

Abstract
The Calvinist doctrine of education: Pedagogically normative or anti-normative?
*Each educational practice is an expression of an underlying doctrine of education, which in turn is grounded in a particular philosophy of life. The spotlight in this article falls on the Calvinist doctrine of education. The essence of this doctrine of education can be derived from its expression immediately adjacent to the lifetime of John Calvin (1509-1564). From a pedagogical evaluation of the Calvinist doctrine of education it becomes apparent that it is pedagogically justifiable and that it is in a position to make a positive contribution to education and teaching.*

## 1. INLEIDEND

In min handelinge gee die mens so duidelik blyke van sy lewensbeskouing as by die onderwys van sy kinders (Van Zyl 1975:214). Die besondere, besliste en innige verband wat daar tussen 'n lewensbeskouing en die onderwys bestaan, is deur die geskiedenis as 'n vasstaande en onveranderlike feitelikheid uitgewys en deur verskeie opvoedkundiges op verskillende wyses verwoord. Bavinck (1904:18) laat hom soos volg oor dié verband uit: 'Opvoeding hangt ten nauwste met heel onze wereld- en levensbeschouwing samen'. De Hovre (1930:31) sien dit weer só: 'Our ideas of education depend upon our ideas of man, his nature, his destiny and his end'. Coetzee verduidelik die eenheid op sy beurt weer soos volg:

> Daar is geen ware opvoeding moontlik en denkbaar sonder die rigtende en steunende krag van 'n lewensbeskouing nie....'n Mens se beskouing oor die lewe bepaal ook sy beskouing oor die opvoeding. Daar is 'n innige en noodwendige verband tussen die lewensbeskouing wat 'n mens huldig en dit wat hy vir homself en vir sy kinders verlang.
>
> (Coetzee 1965:28)

Bogenoemde enkele aanhalings illustreer die eenstemmigheid waarmee die verband tussen die onderwys en 'n lewensbeskouing erken word.

Die band wat die onderwys en 'n lewensbeskouing bind en verenig, plaas die verpligting op die mens om 'n onderwyspraktyk daar te stel waarbinne en waardeur die lewensbeskouing verwerklik kan word, want onderwys is lewensbeskouingsverwerkliking. Om bogenoemde rede is Van Zyl (1970:62) se uitspraak betekenisvol: 'Elke...onderwyspraktyk is 'n uitdrukkingsvorm van 'n onderliggende...onderwysleer wat in 'n besondere lewensbeskouing gefundeer is'. Omdat dit so is, is daar net soveel onderwysrigtings as wat daar lewensbeskoulike rigtings is (Van der Walt & Dekker 1983:108). Die een onderwysrigting verskil van die ander bloot omdat die een lewensbeskouing van die ander verskil. Sonder om die soeklig op òf die verskillende onderwysrigtings òf die uiteenlopende lewensbeskoulike rigtings waarop dit gebaseer is te laat val, gaan vervolgens na die Calvinistiese onderwysleer gekyk word.

Aan die hand van die voorafgaande opmerkinge oor die verband tussen 'n lewensbeskouing en die onderwys gaan allereers na die beslaggewing aan 'n Calvinistiese onderwysleer so na as moontlik aan die tyd waarin Johannes Calvyn (1509-1564) gelewe het, gekyk word, aangesien elke aspek daarvan in ooreenstemming met sy lewensbeskoulike opvattinge was. Die wesenskenmerke van die Calvinistiese onderwysleer kan dan daaruit afgelei word. Vir die doel van hierdie artikel gaan na Nederland gedurende die sestiende en sewentiende eeue gekyk word, want dit was die onderwys van dié land wat Jan van Riebeeck in 1652 na Suid-Afrika oorgeplant het. Daarna gaan enkele van die vernaamste aspekte van die Calvinistiese onderwysleer aan die hand van pedagogiese kriteria beoordeel word.

Enkele begrippe moet egter ten aanvang omskryf word, te wete:

- *Calvinisme en Calvinisties*: Die embleem van Johannes Calvyn (1509-1564) het bestaan uit 'n brandende hart vasgehou deur 'n uitgestrekte hand met die volgende woorde daaronder: 'My hart gee ek aan U, Here, sonder versuim en in opregtheid' (Reid s a:8). Hieruit blyk op treffende wyse waarvoor Calvyn gestaan het en waarvoor die lewensbeskouing wat vandag nog aan sy naam verbind word, staan. Die Calvinisme is die lewensbeskouing van die brandende hart, brandend met 'n vurige liefde vir God en 'n verterende ywer vir die eer van sy Naam en die belange van die koninkryk van Jesus Christus op alle lewensterreine (Venter 1972:7). Paulus se woorde in 1 Korintiërs 10:31 kan as die leuse van die Calvinisme beskou word: ' Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God' (Bybel 1983:225).

* *Onderwysleer*: 'n Onderwysleer (of onderwysfilosofie) is altyd in 'n lewensbeskouing ingebed, 'n Calvinistiese onderwysleer byvoorbeeld in die Calvinistiese lewensbeskouing en 'n Islamitiese onderwysleer in die Islamitiese lewensbeskouing (Van Rensburg et al 1979:114).

## 2. BESLAGGEWING AAN 'N CALVINISTIESE ONDERWYSLEER IN NEDERLAND GEDURENDE DIE SESTIENDE EN SEWENTIENDE EEUE

Die beslaggewing aan 'n Calvinistiese onderwysleer in Nederland gedurende die sestiende en sewentiende eeue kan nie van die politieke en kerklike gebeure van daardie tydperk geskei word nie. Die Nederlandse onderwysgeskiedenis gedurende die sestiende en sewentiende eeue kan in die lig hiervan in die volgende tydperke verdeel word, te wete

### 2.1 Die Nederlandse onderwys onder Karel V, 1519-1555

As gevolg van die voortdurende kontak wat daar tussen Nederland en Genève bestaan het, het dit noodwendig daartoe gelei dat Calvyn se invloed na eersgenoemde land deurgewerk het[1] (Towns 1975:170-171; De Haas 1968:45). Die vroeë Nederlandse Calviniste het van die begin af die skerpte van die Roomse vervolginge geken. Dit het begin toe Karel V die Duitse troon in 1519 bestyg het en hy oor sowel Spanje en Duitsland as Nederland regeer het. In Nederland kon hy na willekeur optree. Hy het dan ook as ortodokse Katoliek en absolutis die Calviniste wreed vervolg (De Haas 1968:39).

Die Hervorming het by die ouers die begeerte laat ontstaan om hulle kinders te laat onderrig ten einde in staat te wees om die Bybel en die geskrifte van die hervormers te kon lees. Die Protestantgesinde ouers wou egter nie hulle kinders na die Rooms-Katolieke skole toe stuur nie. In 1536 het Karel V 'n onderwysreglement uitgevaardig wat die volgende bepaal het: die Rooms-Katolieke priesters moes die ouers van die kansel af vermaan om hulle kinders skool toe te stuur en die behoeftiges daarvan verseker dat hul kinders se skoolgeld betaal sou word. Die onderwysers kon eers onderwys gee indien hulle leer en lewe deur die owerheid in orde gevind is en hul by wyse van 'n eed belowe het dat hulle geen ander boeke as dié van die Rooms-Katolieke Kerk sou gebruik nie. Die leerinhoud vir seuns bo agt jaar moes uit lees, skryf, rekene, sang en Latyn bestaan (Versluys 1879:94).

In 1550 het 'n keiserlike plakkaat verskyn wat ten doel gehad het om die Protestantisme vir eens en vir altyd uit die skole te weer. Karel V het daarin bepaal dat naas laerskole, daar ook Latynse skole moes wees. Die leerinhoud in dié skole moes bestaan uit lees, skryf, godsdiensonderwys, die boetpsalms, verskeie gebede, Grieks, Latyn en Nederlands (die moedertaal; Versluys 1879:17). Niemand kon on-

derwys gee indien hy nie deur 'n regeringsamptenaar gekeur is nie. Waar daar nie 'n onderwyser beskikbaar was nie, moes die koster of priester die meisies leer lees en die seuns leer skryf en sing (Versluys 1879:95). Die ouers was verplig om hulle kinders kerk en skool toe te stuur (Versluys 1879:98). In 1555 het Karel V van die Nederlandse troon afstand gedoen en is in 1558 in Spanje oorlede (De Haas 1968: 45).

### 2.2 Die Nederlandse onderwys onder Filips II, 1555-1568

Toe Filips II sy vader (Karel V) in 1555 as koning opvolg, het hy die Calviniste met nuwe ywer vervolg (De Haas 1968:47). Hy het die onderwysbepalinge van sy vader gehandhaaf en aangevul. In 1563 is die volgende ten opsigte van die onderwys aan die stadhouers van die verskillende state opgedra: hulle moes toesien dat goeie skole opgerig word en dat die kinders streng ooreenkomstig die Rooms-Katolieke geloof in die vrees van die Here en die beginsels van wysheid onderrig word (Versluys 1879:100).

Van 1563 tot 1566 het die Calviniste die sogenaamde Waalse Sinodes gehou. Dié Sinodes het die ouers vermaan om hulle kinders in die vrees van die Here groot te maak en nie na skole toe te stuur waar hul ten kwade beïnvloed kon word nie. Die diakens moes die kinders katkiseer en die behoeftige seuns in die gemeente in 'n beroep laat oplei (Hooijer 1865:3).

In 1566 het die Protestante ook uiting gegee aan wat daar in hul harte geleef het. 'n Optog is na die landvoogdes Margaretha van Parma, suster van Filips II, gehou met 'n versoekskrif[2] waarin hul griewe uiteengesit was. Na hulle is as Geuse (bedelaars) verwys. Van toe af is die evangelie nie meer in die geheim verkondig nie, maar in die oop veld, die sogenaamde hagepreke. Toe die landvoogdes hierdie preke verbied, het hulle tot 'n beeldestorm oorgegaan. Filips II was woedend (De Haas 1968:51). Hy het die Hertog van Alva met 'n leër na Nederland gestuur om die verset te onderdruk. Prins Willem van Oranje (1533-1584) het besluit om met wapengeweld die vryheid van Nederland te verkry. Hierdeur ontstaan die Tagtigjarige-oorlog (1568-1648; Van Jaarsveld & Scholtz 1965:20). In die bespreking van die Nederlandse onderwys wat nou volg, sal slegs aan die onderwyspogings van die Calviniste aandag gegee word.

### 2.3 Die Nederlandse onderwys gedurende die Tagtigjarige-oorlog, 1568-1648

Die uitbreek van die Tagtigjarige-oorlog (1568-1648) en die nood wat daarmee gepaard gegaan het, het daartoe gelei dat die onderwys verwaarloos is. Gaandeweg kon egter deur middel van vlugtelingonderwysers en 'bekeerde' Roomse geestelikes in die onderwysnood voorsien word. Gedurende die eerste jare van die Oorlog

(1568-1648) is daar onder die moeilikste omstandighede 'n paar belangrike kerkvergaderings gehou wat besondere implikasies vir die onderwys gehad het (Versluys 1879:101). 'n Besonder belangrike kerkvergadering het in 1568 plaasgevind. Dit was die Konvent (samekoms) van Wezel. Ten opsigte van die onderwys is bepaal dat die sekulêre owerheid die onderwys moes voorsien deur skole op te rig waar godsdiensonderwys, sang, kuns, Grieks, Hebreeus en Latyn onderrig kon word. Aan die ouderlinge is die taak opgedra om toe te sien dat die ouers hulle kinders laat onderrig. Die plaaslike gemeente moes toesig hou oor die onderwysers wat in sy diens was. Indien 'n onderwyser die diens van die gemeente wou verlaat, moes die klassis waarbinne die gemeente val, daarvan in kennis gestel word. In die gesin, kerk en skool moes die Heidelbergse en Geneefse Kategismus volgens die vermoëns van elke kind onderrig word. Wie nie wou katkiseer nie, kon nie geloofsbelydenis aflê nie. Geen kind kon ook geloofsbelydenis aflê indien hy nie deur die kerkraad of 'n predikant en ouderling ondervra is nie (De Jong 1911:941; Pont 1981:72-73, 81-82).

In 1571 het die Nasionale Sinode van Emden byeengekom. By dié Sinode is die onderwysbesluite wat by Wezel geneem is, herbevestig (Pont 1981:97). In 1574 en 1578 is twee kerkvergaderings in Dordrecht gehou. Die Sinode van 1574 het die Heidelbergse Kategismus wat in 1563 deur Olevianus en Ursinus op bevel van Frederik III, Keurvors van Paltz, saamgestel is, goedgekeur en bepaal dat dit as leerboek vir die jeug gebruik moes word (Pont 1981:121). Dit moes die Kategismus van Luther vervang en groter eenheid in die leer van die kerk bewerkstellig. Die onderwysers moes ook in die toekoms 'n geloofsbelydenis by diensaanvaarding onderteken (Versluys 1879:107). Skole moes oral opgerig word. Die Nasionale Sinode van 1578 het nie van die basiese patroon wat daar in 1568 (Wezel) neergelê is, afgewyk nie. Die Skoolmeesterordonnansie van 1578[3] en die Provinsiale Skoolordonnansie van 1579[4] het dié reëlings op hul beurt ook herbevestig (Nauta 1978:9-16).

In 1579 is die Unie van Utrecht onder leiding van prins Willem van Oranje tussen die Katolieke suide en die Protestantse noorde gesluit om gesamentlik teen Spanje te kon optree. Die Republiek wat tot stand gekom het, het tot en met 1795, toe die Franse Nederland binnegeval en die Bataafse Republiek uitgeroep het, bly voortbestaan (De Haas 1968:63, 64, 136-137). In 1581 is die Nasionale Sinode van Middelburg gehou. Hier is ook 'n kerkorde aangeneem, maar omdat dit nie veel van dié van 1568 (Wezel) verskil het nie, het die onderwyspatroon dieselfde gebly. Toe die Calviniste die kerklike beheer in 1581 in Nederland oorgeneem het, is die sorg vir die onderwys aan die kerk opgedra (Versluys 1879:110). Laasgenoemde het die onderwys as wapen in hul geloofstryd gebruik. Verskeie verordeninge is aangeneem om dit te bewerkstellig (Van Det 1983:15).

Uit die Skoolorder van 1583, die Kerkorde van 1594 en Valcoogh[5] se handboek vir onderwysers van 1597 kan die volgende beeld van die onderwys gedurende dié tydperk gevorm word.

- *Onderwysdoel en onderwysinhoud*: Daar was geen skeiding tussen religieuse en sekulêre onderwys nie; alle onderwys was religieus van aard. Die doel van die onderwys was om die kinders in die vrees en regte kennis van God te onderrig, hulle op hul plig ten opsigte van die gemenebes[6] te wys, die begeerte by hulle te laat posvat om die Calvinistiese geloof te bevorder en om elke kind tot eerlikheid, deug, goeie werke, vroomheid en 'n afsku van boosheid en ongeregtigheid te lei sodat hy volkome toegerus sou wees vir sy taak op aarde (Versluys 1879: 112-117).

  Die leerinhoud is na die vermoë en ouderdom van elke kind saamgestel en het bestaan uit lees, skryf, rekene, godsdiensonderwys, die moedertaal (Nederlands), Grieks, Hebreeus, Latyn, kuns, sang, die Onse Vader, die Tien Gebooie, die Geloofsartikels, verskeie gebede en die Kategismus. Die onderrig in die Kategismus het sonder 'n verduideliking van die kant van die onderwysers geskied. Sondagmiddae het die predikant dit aan die leerlinge verduidelik en is hulle in dié verband deur hom ondervra (Badenhorst 1955:17).

- *Onderwysbeheer en toesighouding*: Die onderwysbeheer en toesighouding het 'n beeld van desentralisasie vertoon. Die hoogste onderwysgesag het by die State-generaal[7] berus, maar dit was nominaal. Die verteenwoordigers van die stede en die platteland in die State-provinsiaal[8] moes die onderwys voorsien, terwyl die kerk toesig gehou en beheer uitgeoefen het oor die onderwysers en die algemene gang van sake in die skool (De Haas 1968:7).

- *Onderwysers*: Die onderwysers moes manlik, goed opgelei, vroom, godvresend, saggeaard, vrolik, deugsaam en ten minste twintig jaar oud wees. Hulle moes aan die volgende vereistes voldoen: lidmate van die Gereformeerde Kerk wees, alle gepubliseerde en handgeskrewe boeke goed lees, netjies skryf, die psalms van Dawid en sekere geestelike liedere goed sing en didaktiese vaardighede besit. Die onderwysers is by diensaanvaarding deur die kerkraad ondersoek, terwyl hulle finale aanstelling by die sekulêre owerheid (byvoorbeeld die State-provinsiaal) berus het. Daarna moes hulle die geloofsbelydenis, soos deur die Sinode van 1574 (Dordrecht) bepaal, onderteken. Tydens die uitoefening van hul onderwystaak het die onderwysers onder die toesig van die plaaslike predikant gestaan wat op sy beurt weer verantwoording aan sy kerkraad verskuldig was. Naas onderrig gee, kon die onderwyser 'n ambag beoefen om sy karige salaris aan te vul (Wouters & Visser 1926:91).

Die onderwysers moes op die goeie sedes en maniere van die kinders let. Hulle kon die leerlinge binne sowel as buite die skool na goeddunke straf. Die ouers mag nie in die tuguitoefening ingemeng het nie. Die ywer van die leerlinge is met pryse beloon. Oor gereelde skoolbywoning is streng toesig gehou. 'n Presensielys is saamgestel en die leerlinge wat nie betyds vir skool was nie, is gestraf. Na die oorsake van afwesigheid is gereeld verneem (Versluys 1879:121). Die gildemetode van onderwysersopleiding was in gebruik. Dit was waar 'n student saam met 'n ervare onderwyser gewerk en die kuns van skoolhou by hom 'afgekyk' het (Venter & Verster 1989:85).

In 1584 is prins Willem van Oranje vermoor. Die Spaanse leër was besig om die Nederlandse troepe uit te wis. Oral waar hulle geseëvier het, is die Rooms-Katolisisme as die enigste erkende godsdiens heringevoer. Die State-generaal het met Elisabeth I van Engeland onderhandel om die soewereiniteit van Nederland oor te neem. Sy wou egter nie, maar het tog hulp by wyse van vyfduisend troepe verleen. So kon die Spaanse aanslag in 1585 weer met 'n verenigde front weerstaan word (De Haas 1968:66-67). As gevolg van die groot aantal behoeftige kinders (veral vanweë die oorlog) wat onderwys moes ontvang, is armskole in 1586 gestig. Die doel van dié skole was om die kinders 'n goeie godsdienstige en sedelike opvoeding te gee. Die leerinhoud het uit lees, skryf, rekene, godsdiensonderwys en ambagsopleiding bestaan (Versluys 1878: 114).

In 1588 het die state Holland, Friesland, Gelderland, Groningen, Brabant, Zeeland en Utrecht besluit om die bewind in Nederland oor te neem. Die 'Republiek der Zeven Verenigde Nederlanden' het tot stand gekom (De Haas 1968:68). Die Republiek was in die begin 'n federasie van sewe min of meer selfstandige provinsies. Daar het geen sentrale onderwysbeleid of -wetgewing bestaan nie. Elke staat het sy onderwys na eie goeddunke gereël. Tog was die eenheid op onderwysgebied groter as wat op die oog af geblyk het, want die kerk het dieselfde onderwysbeginsels oor die hele land geïmplementeer.

Die Sinode wat in 1606 in Utrecht gehou is, het klagtes oor die powere toestand waarin die onderwys verkeer het, aangehoor. Op dié Sinode is die aandag weer eens op die vereistes waaraan die onderwysers moes voldoen, gevestig (Wouters & Visser 1926:93). Binne Calvinistiese geledere het daar mettertyd as gevolg van die stryd oor die verhouding tussen die kerk en die staat aan die een kant en die kerkorde aan die ander kant twee partye ontstaan. 'n Meer vrysinnige of Libertynse groep wat geesteskinders van Desiderius Erasmus (1469-1536) was, wou die kerk aan die staat onderwerp. Hulle strewe was dat die staat aan die kerk sy orde moes voorskryf. Hierteenoor het die meer

ortodokse Calviniste, die sogenaamde 'preciezen' gestaan wat Calvyn se beskouinge onderskryf het, naamlik dat die staat self aan die Woord van God onderworpe is en die kerk moet beskerm, maar op so 'n wyse dat die kerk sy soewereiniteit in eie kring kan behou (De Haas 1968:85).

Die stryd het nog ingewikkelder geword toe die Libertyne die Arminiane[9] begin steun het. In 1610 het die Arminiane en Libertyne 'n geheime samekoms gehou en 'n Remonstransie (dit is 'n uiteensetting van hul leer in vyf artikels) saamgestel. In dié artikels is 'n eensydige en verdraaide voorstelling van die Calvinistiese leer gegee. Hulle het ook geeïs dat die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis verander moes word om met hulle leerstellinge ooreen te stem. Die Calviniste het toe 'n Kontra-Remonstransie saamgestel. Die State-generaal het besluit dat 'n sinode gehou moes word om die godsdienstige geskille uit die weg te ruim (Du Toit 1970:109, 110).

Die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619) is byeengeroep. Die Sinode van Dordrecht (1618-1619) het hom ook met die onderwys besig gehou, maar nie 'n skoolorder opgestel nie. Tydens die honderd drie en sestigste sitting is bepaal dat die State-generaal versoek sou word om met die hulp van kundiges 'n algemene skoolorder op te stel waardeur die gebreke in die onderwys uitgeskakel en eenvormigheid bewerkstellig kon word. Die Sinode het nietemin probeer om die pligte van die ouers, die staat, die onderwysers en die kerk met betrekking tot die onderwys duideliker te omskryf:

** die ouers moes hul kinders vir godsdiensonderwys op skool voorberei deur elke kind volgens sy indiwiduele vermoëns in die Christelike godsdiens te onderlê, hulle gereeld die eredienste te laat bywoon, daaroor uit te vra en sekere hoofstukke van die Bybel te leer lees en opsê. Die ouers moes hiertoe aangemoedig word deur die prediking op Sondae en deur die predikant en ouderling tydens huisbesoek. Die ouers wat die onderrig van hulle kinders verwaarloos, moes deur die predikant vermaan word. Indien hulle nie daarop ag gee nie, moes die kerkraad hul onder sensuur plaas en van dié taak onthef.

** die verantwoordelikheid van die staat met betrekking tot die onderwys het behels die oprigting en instandhouding van skole, die keuring, aanstelling en besoldiging van onderwysers, die bepaling van die leerinhoud en die aanstelling van die sogenaamde 'scholarchen' wat oor die onderwys toesig moes hou (Acta 1621:42-45).

** die bekwaamheid van die onderwysers is ook op die Sinode te berde gebring. Die Sinode het bepaal dat alvorens die onderwysers tot die beroep kon toetree, hulle eers 'n verklaring wat deur die Sinode self opgestel is, moes onderteken waarin hul beloof om die leer van die kerk, soos in die Kategismus uiteengesit, te onderhou en die jeug wat aan hulle toevertrou is, nougeset in die Christelike godsdiens te onderrig (Acta 1621:50). Indien hul sou weier om die verklaring te onderteken, sou hulle diens beëindig word (Pont 1981:182). Die gildemetode van onderwysersopleiding wat in gebruik was, is deur die Sinode onderskryf (Venter & Verster 1989:88).

** gedurende die sewentiende sitting van die Sinode is oor die kerk se aandeel in die onderwys gehandel. Die kerk moes toesien dat die owerheid oral skole oprig en onderhou sodat die kinders (ook die behoeftiges) onderwys kon ontvang ten einde tot die eer van God, die voorspoed van die kerk van Christus en die gemenebes te kon lewe, asook om hulle Godskennis en heiligheid ter wille van hul eie welsyn te vermeerder (Cubberly 1920:77-78). Die leerinhoud moes bestaan uit lees, skryf, rekene, godsdiensonderwys, kerksang, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Geloofsartikels, die Kategismus, enkele gebede en die vrye kunste (Pont 1981:178). Die predikant moes die skole (veral op die platteland) gereeld saam met 'n ouderling en indien nodig 'n magistraat besoek om toe te sien dat kategetiese onderrig plaasvind en om toesig te hou oor die leer, lewe en werk van die onderwysers. Indien 'n onderwyser onbekwaam blyk te wees, moes hy deur die predikant en kerkraad vermaan word. Die predikante moes hulle Kategismuspreke ter wille van die kinders kort en verstaanbaar hou. Die kinders wat geloofsbelydenis wou aflê, moes drie tot vier weke voor die nagmaal sorgvuldig daarvoor deur die predikant voorberei word. As laasgenoemde die kinders in die kerk katkiseer, moes die onderwyser ter wille van die goeie orde teenwoordig wees (Acta 1621:51).

Die kerkrade en sinodes het gereeld tydens hulle byeenkomste gekla dat godsdiensonderwys veel te wense oorlaat. Tydens die veertiende en vyftiende sitting van die Sinode is uitvoerig oor die kwessie van godsdiensonderwys in die skool gehandel. Daar is bepaal dat elke kind ooreenkomstig sy vermoëns en ouderdom daarin onderlê moes word. Om seker te maak dat almal deeglik met die Bybelse waarhede vertroud is, moes gereeld vrae daaroor gevra word. Die onderwysers moes sorg dat die kinders gereeld kerk toe gaan en na die erediens moes hulle vasstel of die kinders die preek oor die Kategismus verstaan het (Versluys 1878:78).

Die onderwysbepalinge wat tydens die Sinode van Dordrecht (1618-1619) aangeneem is en wat grootliks op vroeëre onderwysbepalinge berus het, is kort daarna deur die sekulêre owerheid bekragtig (Versluys 1878:78). In 1631 en 1646 is Onderwysreglemente opgestel wat die bepalinge van Dordrecht net so bevat het (Versluys 1878:79). In 1648 is die onafhanklikheid van Nederland met die Vrede van Munster erken (De Haas 1968:93).

### 2.4 Die Nederlandse onderwys na onafhanklikheid in 1648 tot en met 1700

'n Nuwe Skoolreglement is in 1650 opgestel. Alhoewel die onderwys nog oorwegend godsdienstig van aard was, is daar nie soos vroeër op godsdiensonderwys gekonsentreer nie. Al die onderwysbepalinge van Dordrecht is nietemin in dié Reglement vervat.

In 1655 het 'n uiters belangrike Skoolreglement verskyn. Die doel van die onderwys is soos volg daarin gestel:

> De kinderen (weesende het zaad daar uyt alle geschiktheid in de Kerke en Republique te verwagten is) in Christelijke Gereformeerde Religie, vreese des Heeren, en alle seedigheyd en gehoorsaamheyd; mitsgaders in geleerdheyd, goede konsten, elk na sijn geleegentheyd en bequaamheyd; mogten opgevoed en opgetoogen werden tot Godes eere, welstand der kerken, en het gemeene beste, en tot troost en welbehaagen van een iegelijk in het generaal en partikulier, die de vrugten daar van te verwagten hebben, en genieten sullen by die Nakoomelingen.
>
> (Versluys 1878:79)

Die leerinhoud wat tydens die Sinode van Dordrecht (1618-1619) aanvaar is, is in die Skoolreglement behou, maar met vaderlandse geskiedenis en Latyn uitgebrei (Wouters & Visser 1926:55, 59, 60).

Die onderwysbeheer en toesighouding, die toelatingsvereistes waaraan die onderwysers moes voldoen, hul aanstellingsvoorwaardes, bevoegdhede en take was dieselfde as wat vroeër gegeld het. In die Skoolreglement van 1655 is egter bepaal dat boeke wat nadelig vir die gereformeerde godsdiens is, nie deur die onderwysers gebruik mag word nie. Die sekulêre owerheid sowel as die kerk moes streng daaroor toesig hou. Dié Skoolreglement van 1655 het van krag gebly tot aan die einde van die agtiende eeu (Badenhorst 1955:19).

Aan die hand van die voorafgaande beskrywing van die beslaggewing aan 'n Calvinistiese onderwysleer in Nederland gedurende die sestiende en sewentiende eeue, gaan vervolgens na die wesenskenmerke van die Calvinistiese onderwysleer gekyk word.

## 3. WESENSKENMERKE VAN DIE CALVINISTIESE ONDERWYSLEER SOOS BLYK UIT DIE BESLAGGEWING AAN 'N CALVINISTIESE ONDERWYSLEER IN NEDERLAND GEDURENDE DIE SESTIENDE EN SEWENTIENDE EEUE

Om al die wesenskenmerke van die Calvinistiese onderwysleer in die onderhawige bespreking aan te toon, is 'n onbegonne taak. Slegs enkele van die vernaamstes sal bespreek word.

### 3.1 'n Omvattende teosentriese opvoedings- en onderwysdoel

Uit die beskrywing van die Nederlandse onderwysgeskiedenis gedurende die sestiende en sewentiende eeue blyk die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel te wees om elke kind volgens sy vermoëns daartoe te lei om God sy Skepper te ken, te eer en te verheerlik en met sy hele lewe te dien, asook om ooreenkomstig sy Woord te lewe. Die 'hele' kind moet ook onderrig word sodat hy volkome toegerus sal wees om sy plek in die wêreld (ten opsigte van owerheid, kerk en gemeenskap) in te neem en sy roeping op aarde (die skeppingsopdrag)[10] te vervul.

Aangesien die Calvinis God Drie-enig met sy hele lewe dien, eer en verheerlik, staan die opvoedings- en onderwysdoel ook in diens van God en tot grootmaking van sy Naam. Die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel is teosentries en religieus van aard. Die Calviniste beskou die onderwys as 'n hulpmiddel ter uitbreiding van die koninkryk van God Drie-enig. Vir hulle is die onderwys nie net daar om die kind vir 'n beroep voor te berei of sy intellektuele vermoëns te ontwikkel nie, maar dit gaan primêr om die kind te lei om God sy Skepper met sy hele lewe te dien, te eer en te verheerlik.

### 3.2 Die leerinhoud is teosentries van aard en godsdiensonderwys beklee 'n sentrale plek daarin

Uit die skets van die Nederlandse onderwysgeskiedenis van 1536 tot 1700 het dit geblyk dat die Calvinistiese leerinhoud teosentries en religieus van aard is. Om God te ken, te eer en te verheerlik, kan die leerinhoud nie tot 'n paar vakke beperk word nie, maar moet die mens sy hele skepping (natuur en Skriftuur) ken en deurvors. Daarom moet die leerinhoud (vakke) tweërlei van aard wees, te wete religieus en sekulêr en dan ook in hierdie volgorde van belangrikheid. Omdat daar geen godsdiens kan wees, as daar nie Godskennis is nie, is godsdiensonderwys (insluitende die Tien Gebooie, die Onse Vader, gebede en sang) die belangrikste vak. Dit neem nie alleen die sentrale plek in die leerinhoud in nie, maar bepaal die gees en rigting van alle ander vakke en deursuur die hele onderwys. Deur godsdiensonderwys moet die kind gelei word tot 'n lewende en praktiese geloof in Jesus Christus sy persoonlike Saligmaker en tot liefde en diens aan God en sy medemens.

Die Calvinisme verwaarloos egter nie die sekulêre vakke nie, want dit moet die mens volgens sy indiwiduele vermoëns toerus vir sy taak op aarde en daartoe lei dat hy God sy Skepper uit die natuur beter leer ken sodat hy sy hele lewe aan sy diens kan toewy. Die sekulêre vakke wat die Calvinistiese leerinhoud uitmaak, het geblyk lees, skryf, rekene, verskeie tale (die moedertaal, kultuur- en antieke tale), geskiedenis, kuns en wetenskap te wees.

### 3.3 Die rol van die kerk in die beheer van en toesighouding oor die onderwys

Uit die onderwysopvattinge en -werksaamhede van die navolgers van Calvyn in Nederland gedurende die sestiende en sewentiende eeue het dit geblyk dat die Calviniste voorstanders van 'n teokrasie is. Die beheer van en toesighouding oor die onderwys word wel in die hande van die sekulêre owerheid geplaas, maar dit is meer nominaal as werklik. Die owerheid moet die onderwys finansieel steun en deur middel van wetgewing beskerm. Die aard van die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud vereis egter kerklike beheer en toesighouding. Die eintlike beheer van en toesighouding oor die onderwys berus dus by die kerk. Die verteenwoordigers van die kerk (predikante, ouderlinge, diakens) beklee prominente posisies in die beheerrade en by inspeksies. Die kerk hou onder meer toesig oor die leer en lewe van die onderwysers, die algemene gang van sake in die skool, skoolbywoning, die leerboeke en godsdiensonderwys.

Ten spyte van die feit dat die ouers volgens die Bybel die eerste en vernaamste opvoeders van die kind is en hulle deur die doopformulier daartoe verplig word om hul kind – as hy tot sy verstand kom – in die leer van die Ou en Nuwe Testament en in die artikels van die Christelike geloof na hulle vermoë te onderrig of/en te laat onderrig, speel die ouer geen rol in die beheer van en toesighouding oor die onderwys nie. Die ouers moes slegs vir twee sake sorg: hulle kinders die eerste beginsels van die Christelike godsdiens volgens die Kategismus leer en gereeld skool toe stuur. Volgens die Calviniste lê die ouers die doopbelofte voor die hele gemeente af en daarom moet die kerk, skole stig en oor die onderwys daarin toesig hou. Die idee van die *skool van die ouers* het eers in die negentiende eeu ontstaan (Idenburg 1964:79).

Wanneer vanuit Calvinistiese siening oor die rol van die verskillende instansies (owerheid, kerk, ouers) wat by die beheer van en toesighouding oor die onderwys belang het, besin word, is dit nodig om die aandag op die beginsel van soewereiniteit in eie kring te vestig. Die Calvinis erken en aanvaar God as die Oorsprong van alle beheer- en gesagstrukture en verwerp alleenheerskappy. Hy weet dat God die verskeie instansies in hulle onderwysbeherende en toesighoudende posisies geplaas het en dat hul aan Hom verantwoording verskuldig is vir die uitoefening van hulle gesag. Die gesag waaroor onderwysers en die onderwysbelanghebbende instansies beskik, is slegs verleende en dus begrensde gesag.

### 3.4 Die moedertaal as medium van onderrig

Uit die Nederlandse onderwysgeskiedenis gedurende die sestiende en sewentiende eeue het dit geblyk dat die Calviniste voorstanders van die moedertaal as medium van onderrig in die skole was, want die opvoedende onderwys en godsdiensonderwys wat in die gesin begin is, moet in die skool voortgesit word en wel deur medium van die moedertaal van die kind. Deur middel van die moedertaal word die onderwys ook vir elke kind toeganklik. Die kind moet leer lees sodat hy in staat sal wees om self die Bybel te bestudeer en sodoende volkome toegerus kan word vir sy roeping op aarde.

## 4. ENKELE ASPEKTE VAN DIE CALVINISTIESE ONDERWYSLEER GETOETS AAN ALGEMEEN-GELDENDE PEDAGOGIESE KRITERIA

Pedagogiese kriteria is evalueringsinstrumente of -maatstawwe wat gebruik kan word om op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse vas te stel of die voltrekking van 'n bepaalde onderwysaspek pedagogies normatief of anti-normatief is en het niks met lewensbeskoulike voorskrifte te doen nie (Van Rensburg et al 1979:126). In die bespreking wat volg, sal sekere pedagogiese kriteria aangewend word om enkele van die vernaamste aspekte van die Calvinistiese onderwysleer te evalueer.

### 4.1 Die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud getoets aan die pedagogiese kriteria van realisme, komprehensiwiteit, buigsaamheid, volwassenheidsruimte en verankerdheid (geborgenheid)

Die formele, oorkoepelende doel van die opvoeding en onderwys, naamlik volwassenheid, is 'n universele en onveranderlike doelstelling wat altyd en oral geld. Die beeld van menswaardige volwassenheid waarvoor in 'n besondere gemeenskap opgevoed en onderrig word, word egter nie vanuit die opvoeding- en onderwyssituasie bepaal nie, maar word van buite ingedra (Gunter 1975:114). Dit lê dus nie op die weg van die Pedagogiek om 'n omvattende opvoedings- en onderwysdoel as synde 'n bepaalde volwassenheidsbeeld voor te skryf nie. Dit is egter moontlik om vas te stel of die omvattende en nabygeleë opvoedings- en onderwysdoel, en ook die leerinhoud ter verwesenliking daarvan aan bepaalde pedagogiese kriteria voldoen, soos uit die volgende paragrawe behoort te blyk:

- *realisme*: Alle opvoedings- en onderwysdoelstellinge moet rekening hou met die ervaring en getrou wees aan die lewens- en opvoedingswerklikheid. Opvoeding en onderwys is die ontmoeting met 'n kind in sy konkrete lewensituasie. Daarom moet doelstellinge aansluit by en verband hou met wat die kind is en kan. Onherstelbare skade kan aan die kind gedoen word indien genoemde doelstellinge nie met die werklikheid, met realisme, rekening hou nie (Gunter 1975: 117).

Die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud beantwoord aan die vereiste van realisme, want dit is getrou aan die lewe deurdat dit reg laat geskied aan die kind in sy konkrete lewensituasie. Dit hou ook rekening met die werklikheid soos dit is: die kind wat vanweë sy geskapenheid tot 'n antwoord op die Woord van God en daarmee ook aan die naaste in die wêreld 'n onvervangbare eie waarde en waardigheid besit, maar wat andersyds 'n hulpbehoewende mens is wat ook nog nie tussen goed en kwaad, reg en verkeerd kan onderskei nie en wat dus omhoog gehelp en gelei moet word.

* *komprehensiwiteit*: Die opvoedings- en onderwysdoelstellinge en leerinhoude moet ruim en omvangryk wees sodat dit alle eensydigheid en oppervlakkigheid in die opvoeding en onderwys uitskakel. Dit mag nie op 'n verabsolutering en eensydige beklemtoning van die een of ander aspek van die menslike bestaan ten koste van ander belangrike en ewe reële aspekte van menswees berus nie, maar dit moet die volste en rykste inhoud van die lewe dek. Dit moet voorsiening maak vir die onderwys en opvoeding van die hele kind as 'n ondeelbare liggaamlik-geestelike geheel (Gunter 1975:116).

Die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud is omvangryk genoeg om voorsiening te maak vir die wording van die kind in sy totaliteit. Geen besondere aspek van die menslike bestaan word verabsoluteer ten koste van die ander nie. Dit het, wanneer met die kind bemoeienis gemaak word, die ontwikkeling van die verskillende aspekte van volwassenheid in die oog: die liggaamlike aspek (die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud leer die kind dat sy liggaam 'n tempel van God is wat versorg en ontwikkel moet word); die affektiewe aspek (die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud dra sorg dat die emosionele, die gevoelsmatige en die waarderende aspekte van die kinderlewe ontwikkel word); die intellektuele aspek (die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud sorg dat die kind verstandelik onderrig word sodat hy sy skeppingsopdrag kan uitvoer en nie sal ondergaan in die stryd om te bestaan nie); die sosiale aspek (die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud leer die kind sy verantwoordelikheid teenoor sy medemens, want hy is mens-in-gemeenskap en berei hom daarom voor om 'n godvrugtige lewe te lei); die historiese en nasionale aspek (die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud vorm vaderlandsliewende burgers deur die aanleer van die tradisies, gewoontes en geskiedenis van die volk); die estetiese aspek (die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud stimuleer ook die estetiese sodat die kind God se heerlikheid in die skoonheid en kunstigheid van die skepping kan raaksien, bewonder en tot diens aan die Skepper van die skoonheid geïnspireer kan word); die sedelike aspek

(die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud stel volwassenes met 'n goeie sedelike karakter daar, want die Wet van God en die wette van die samelewing eis dat elke mens hom sedelik moet gedra) en die religieuse aspek (die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud onderlê die kind in die geloofswaarhede sodat hy God Drie-enig met sy hele lewe sal dien, eer en verheerlik en ooreenkomstig sy Woord sal lewe (Coetzee 1965:212-216).

* *buigsaamheid*: Die opvoedings- en onderwysdoelstellinge en leerinhoude mag nie beskou word as onveranderlikes wat eenmalig opgestel is nie, maar moet buigsaam en aanpasbaar wees. Die doelstellinge moet dus veranderlik wees ten einde met nuwe tydsomstandighede, probleme en behoeftes rekening te hou (Gunter 1975:115; Van der Walt & Dekker 1983:209-212).

  Dit wil voorkom asof die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud aan bostaande kriterium voldoen, want soos uit die ondersoek na die opvoedings- en onderwysdoelstellinge en leerinhoude in Nederland gedurende die sestiende en sewentiende eeue geblyk het, het die opvoedings- en onderwysdoelstellinge en leerinhoude sedert 1536 deurentyd verander om met nuwe tydsomstandighede, probleme en behoeftes rekening te hou. Die eise wat byvoorbeeld aan die volwassenes tydens die Tagtigerjarige-oorlog (1568-1648) en toe weer tydens die tydperk van onafhanklikheid (1648-1700) gestel is, het verskil. Deur die eeue het daar dus 'n klemverskuiwing ten opsigte van die eise van volwassenheid plaasgevind, omdat dit juis in ooreenstemming met reformatoriese beginsels is, wat 'n inherente komponent van die Calvinisme vorm.

* *volwassenheidsruimte*: Opvoeding en onderwys is gemik op die kind se verwerwing van geestelike vryheid. Daarmee word bedoel 'n lewe en lewenshouding wat getuig van liggaamlike volwaardigheid, intellektuele en sedelike selfstandigheid, emosionele ewewigtigheid, selfverantwoordelikheid, selfdissipline en vrywillige diensvaardigheid (Gunter 1975:114).

  Sodanige volwassenheidsruimte word deur die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud geskep, want elke kind kry die geleentheid om na eie-aard en volgens eie vermoë en aspirasies te ontwikkel.

* *verankerdheid* (geborgenheid): Om op te voed en onderwys te gee beteken om die onbestendige, wankelbare kinderlewe op 'n vaste koers te help. Sodanige bemoeienis lewer die mens nie uit aan die wispelturigheid van sekulêre waardes nie, maar is verankerd in ewige, transendente geestelike waardes wat blywend van aard is en aan die mens geestelike sekuriteit – waaraan hy so 'n innige behoefte het – bied. Die opvoedings- en onderwysdoelstellinge en leerinhoude moet dus ontologies begrond en verantwoord kan word. 'n Mens kan geen blywende geluk en duursame rus in die veranderlike, verbygaande en verganklike

vind nie. Die mens is op soek na die onveranderlike, vaste grond van die tydelike en verganklike (Gunter 1975:117). Voorts moet opvoedings- en onderwysdoelstellinge en leerinhoude sodanig wees dat dit die moeite werd is om na te streef, te onderrig en aan te leer. Sodoende sal die mens, namate hy sy lewensideaal verwesenlik, homself as volwaardige mens verwesenlik en goedheid, vryheid en geluk in die ware sin deelagtig word. Om aan hierdie vereiste te voldoen, mag opvoedings- en onderwysdoelstellinge en leerinhoude dus nie in die lug hang nie (Gunter 1975:118).

Aan voorgenoemde essensies voldoen die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud, want dit is daarop gerig om in die diepste behoeftes van die kind te voorsien deurdat dit heenwys op en gegrond is in die hoogste en finale Werklikheid, naamlik die God van Liefde wat Hom in sy Woord, in Jesus Christus, as die Skepper, Onderhouer en Verlosser van die mens openbaar. In hierdie ideaal vind die tydelike en verganklike menslike bestaan sy onveranderlike vaste Grond waaruit hy bestaan, waaruit hy mag lewe en waarin hy blywende geluk en duursame rus kan vind. Die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud is dus ontologies begrond en verantwoord (Gunter 1975:123).

Uit die voorafgaande evaluering van die Calvinistiese opvoedings- en onderwysdoel en leerinhoud aan algemeen-geldende pedagogiese kriteria kan gesien word dat die ware pedagogiese daarin ingebed is. Die beste belange van elke kind geniet voorrang met die oog op sy selfverwesenliking as denkende, kennende, willende, voelende, kiesende, waarderende, handelende en doelnastrewende volwassene in sy relasie tot die fisies-sosiaal-kulturele wêreld, sy medemens en sy God (Gunter 1975:116).

### 4.2 Die Calvinistiese siening van onderwysbeheer en toesighouding getoets aan die kriterium van pedagogiese gesag en aan die normatiewe beginsel van soewereiniteit in eie kring

Die opvoedings- en onderwyssituasie is 'n gesagsituasie. Gesag (beheer en toesighouding) is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die pedagogiese, want daarsonder ontaard opvoedende onderwys in willekeur, word dit in chaos gedompel en is dit onmoontlik en ondenkbaar. Onderwys moet dus binne die opset van die bindende gesag wat deur reëls en wette van die owerheid en ander belanghebbendes daargestel word, voltrek word, anders stuur dit op chaos en agteruitgang af. Pedagogiese gesag mag nooit absoluut, onderdrukkend en oorheersend wees en met die uitoefening van mag vereenselwig word nie, maar dit moet erken word vir wat dit is: 'n noodsaaklike voorwaarde vir dienslewering aan diegene wat op weg is na volwassenheid. In dié sin is pedagogiese gesag 'n respekterende en dienende gesindheid wat geen plek vir bandeloosheid en losbandigheid laat nie.

Die Calvinistiese siening in verband met onderwysgesag – ook en veral in die sin van beheer en toesighouding – is pedagogies verantwoord omdat dit as verleende en begrensde gesag erken word wat nie absoluut, oorheersend en onderdrukkend mag wees nie, maar wel dienend en respekterend ter wille van die volwassewording van die kind. Die onderwysbelanghebbende instansies – die ouers, die kerk en die owerheid – moet in hul betrokkenheid by die onderwys 'n algemeengeldende riglyn hê waaraan hulle hul optrede kan beoordeel sodat nie een hom in sy beheer van die onderwys op die terrein van die ander begewe nie. Die normatiewe beginsel of riglyn wat geld vir die betrokkenheid van die ouers, die kerk en die owerheid by die onderwys is dié van soewereiniteit in eie kring. Volgens hierdie beginsel is die samelewingsverbande en die onderwys (skool) nie aan mekaar ondergeskik nie. Die ouers, die kerk, die owerheid en die skool behou hulle regte, vryheid, verantwoordelikheid en roeping en wend dit aan ter wille van die besondere taak waarvoor hul tot stand gekom het. Elk het dus 'n bevoegdheid op sy eie terrein, maar ook 'n spesifieke taak ten opsigte van die onderwys. Op hierdie wyse vind daar geen grensoorskryding tussen die vier instansies plaas nie (Stone 1979: 200). Die erkenning van elke sosiale struktuur se besondere medeseggenskap ten opsigte van die onderwys is die waarborg vir die vryheid van die onderwys.

Wanneer die Calvinistiese siening oor die rol wat elkeen van die drie onderwysbelanghebbende instansies en die skool in die beheer van en toesighouding oor die onderwys moet vervul aan die normatiewe beginsel van soewereiniteit in eie kring getoets word, blyk dit dat die Calvinistiese siening aan dié beginsel reg laat geskied. Volgens die Calvinistiese onderwysleer moet die drie onderwysbelanghebbende instansies elkeen sy regmatige aandeel, naas die skool self, in die beheer van en toesighouding oor die onderwys kry, maar met die wete dat dit nooit absoluut kan wees nie.

### 4.3 Die Calvinistiese siening van die moedertaal as medium van onderrig getoets aan die pedagogiese kriterium van outentieke onderwys en opvoeding

Die moedertaal van die kind is die medium waardeur daar geestelike kontak met hom gemaak word en dit ontsluit (benoem) ook die natuurlike en kulturele leefwêreldlike ruimte waarin hy hom bevind. Formele opvoeding en onderwys streef dan ook heeltemal tereg daarna om huis en skool te integreer en een van die voorwaardes daarvoor is dat die moedertaal die medium van onderrig moet wees. Indien 'n vreemde taal as voertaal gebruik word, word daar 'n pedagogies ongunstige situasie geskep omdat 'n vreemde onderrigmedium die algehele vorming van die kind kan versteur. As dié ongewenste situasie langdurig op 'n kind afgedwing word, is die resultaat ongewenste leerpatrone, soos byvoorbeeld leer sonder insig

(Duminy 1977:58, 61). Daar is dus maar een juiste pedagogiese standpunt: alle kinders moet, waar enigsins moontlik, hulle skoolloopbaan ten minste met die moedertaal as voertaal begin.

Die Calvinistiese siening van die medium van onderrig in die skole beantwoord aan die pedagogiese kriterium van outentieke (egte) opvoeding en onderwys. Die moedertaal word as die basis van alle onderwys en die enigste medium van onderrig beskou omdat ware Calvinistiese opvoeding en onderwys nie deur enige ander medium as die moedertaal van die kind moontlik is nie.

### 4.4 Die Calvinistiese beklemtoning van godsdiensonderwys getoets aan die pedagogiese kriterium van positiewe karaktervorming

Godsdienstigheid is een van die grondvorme van menswees. Opvoeding en onderwys is daarom religieus georiënteer (Van Rensburg et al 1979:142). Die godsdienstige opvoeding en onderwys van sy kind is vir elke verantwoordelike ouer 'n uiters belangrike saak; meer nog in die huidige tydsgewrig waar die kind in 'n toenemende mate met ongunstige en afbrekende invloede gekonfronteer word. Die ouer aanvaar dat die kind hierdie invloede alleen suksesvol kan teenstaan en oorwin as hy godsdienstig sterk staan en 'n positiewe karakter het. Die skool, as 'n verlengstuk van die huis, het dus 'n belangrike taak ten opsigte van godsdiensonderwys. Hoewel die skool ook en veral met die sekulêre te doen het, mag dit nooit onverskillig teenoor die godsdiens van die ouers en hulle wense en begeertes in dié verband staan nie (Gunter 1975:178, 194).

Vir die voorstanders van Calvinistiese onderwys is godsdiensonderwys die belangrikste vak. Dit neem nie alleen die sentrale plek in die leerinhoud in nie, maar bepaal die gees en rigting van alle ander vakke en deursuur die hele onderwys. Die kind moet daardeur gelei word tot 'n lewende en praktiese geloof in Jesus Christus sy persoonlike Saligmaker, liefde en diens aan God en sy naaste, offervaardigheid, eerlikheid, getrouheid, bedagsaamheid, pligsbewussyn en 'n verantwoordelikheidsbesef. Die Calvinistiese siening van godsdiensonderwys eerbiedig dus die pedagogiese kriterium van positiewe karaktervorming.

## 5. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Uit die voorafgaande bespreking aangaande die verband tussen 'n lewensbeskouing en die onderwys, die beslaggewing aan 'n Calvinistiese onderwysleer in Nederland gedurende die sestiende en sewentiende eeue, die wesenskenmerke van die Calvinistiese onderwysleer en die pedagogiese evaluering van enkele aspekte van laasgenoemde, kan tot die volgende gevolgtrekking gekom word:

* onderwys sonder 'n lewensbeskouing is 'n lewelose struktuur. Die lewensbeskouing is die lewegewende bron van die onderwys. Om van neutrale onderwys te praat, is dus om van die onmoontlike te praat. Daarom word onderwys sonder inhoudgewing skelet- of kadaweronderwys genoem.
* uit die onderwysopvattinge en -werksaamhede van die Calviniste gedurende die sestiende en sewentiende eeue in Nederland kan die wesenskenmerke van die Calvinistiese onderwysleer afgelei word. Daaruit het dit geblyk dat die Calvinisties-georiënteerde onderwysrigting in die partikulariteit daarvan gefundeer is: met sy eie doel en inhoud, beheer en toesighouding en siening oor die meduim van onderrig in die skole.
* pedagogiese bemoeienis is daarop gerig om elke kind te help om daardie mens te word wat hy kan en behoort te wees. Daarom moet die omgewingsinvloede so deur die onderwys beheer word dat dit tot die optimale en normatiewe ontsluiting van die kind sal lei. Die lewensbeskouing waaruit die onderwys en opvoeding vloei, mag dus nie 'n belemmering op die selfverwesenliking en selfstandigwording van die kind plaas nie. Uit die pedagogiese evaluering van enkele van die vernaamste aspekte van die Calvinistiese onderwysleer het dit geblyk dat die Calvinistiese onderwysleer aan hierdie vereiste voldoen, want dit streef daarna om die kind in die totaliteit van sy bestaan te help vorm tot volwasse mens wat in diens aan sy medemens sy lewensroeping tot eer van God sal vervul.

Aangesien die Calvinistiese lewensbeskouing 'n onderwysleer daargestel het wat absoluut in die Woord van God gefundeer is, kan Calvinistiese onderwys waarlik opvoedend wees, want hy wat God bo alles liefhet, sal nie die sosiale strukture en menslike funksies verabsoluteer nie, maar Hom in en deur daardie strukture en funksies dien. Hy wat sy naaste liefhet soos homself sal sy naaste se algemene en besondere vryhede en regte nie van hom wil ontneem deur hom tot politieke, sosiale en ekonomiese belange te verslaaf nie. 'n Calvinistiese onderwysleer gebruik dus nie die onderwys vir nie-pedagogiese doeleindes nie, maar poog om deur middel van die onderwys aan elke kind die beste moontlike geleentheid te gee om daardie mens te word wat hy self wil, kan en behoort te word. Die Calvinistiese onderwysleer is pedagogies verantwoord en kan daarom 'n positiewe bydrae tot die opvoeding en onderwys lewer.

## ENDNOTE

1. Nederlandse studente het aan die 'schola publica' (die universiteit) van die Geneefse Akademie, wat deur Calvyn in die lewe geroep is, studeer en sy idees na die Franssprekende suide van Nederland met hulle saamgebring.

2. Plakkate (wette) is deur die regering uitgevaardig teen alle ketters en diegene wat hulle gehuisves of iets van hulle af geweet het sonder om dit onder die aandag van die regering te bring. In dié versoekskrif is die versagting van die plakkate gevra.
3. 'n Ordonnansie wat opgestel is met die doel om doeltreffender beheer en toesig oor die onderwysers uit te oefen.
4. 'n Onderwysordonnansie wat uitgevaardig is om die onderwys in die onderskeie provinsies op vaster grondslag te plaas.
5. Skoolmeester te Barsigherhorn.
6. Stategemeenskap gevorm deur die vrywillige vereniging van die betrokke lede.
7. Die Nederlandse parlement bestaande uit 'n eerste en tweede kamer van volksverteenwoordigers.
8. Die verteenwoordigende liggaam (van die State-generaal) in elkeen van die onderskeie provinsies.
9. Die verwerpers van die uitverkiesingsleer soos dit deur die kerk van alle eeue geleer is.
10. Om te vermenigvuldig en die aarde te onderwerp en daaroor te heers.

## Literatuurverwysing

*Acta Synodi Nationalen Ghehoude tot Dordrecht*. 1621. Groningen: Wolters.

Badenhorst, L H 1955. *Die aandeel van die kerk in die opvoeding spesiaal in die Kaapprovinsie*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.

Bavinck, H 1904. *Paedagogische beginselen*. Kampen: J H Kock.

Coetzee, J Chr 1965. *Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde*. Pretoria: Van Schaik.

Cubberly, E P 1920. *Reading in the history of education*. Chicago: Houghton Mifflin.

De Haas, G 1968. *Vaderlandse geschiedenis*. Groningen: Wolters Noordhoff.

De Hovre, F 1930. *Philosophy and education*. Tr by E B Jorden. New York: Benzinger.

De Jong, J 1911. *De voorbereiding en constitueering van het kerkverband der Nederlandsche Gereformeerde Kerke in de zestiende eeu*. Den Haag.

Duminy, P 1977. *Didaktiek en metodiek*. Kaapstad: Longman Penguin.

Du Toit, S 1970. *Handleiding vir die studie van die kerkgeskiedenis*. Potchefstroom: Pro Rege.

Gunter, C F G 1975. *Aspekte van die teoretiese opvoedkunde*. Stellenbosch: Universiteits Boekhandelaars en Uitgewers.

Hooijer, C 1865. *Oude kerkordeninge der Nederlandse Hervormde Gemeenten 1568-1638*. Groningen: Wolters.

Idenburg, J 1964. *Schets van het Nederlandsche schoolwezen*. Groningen: Wolters.

Nauta, D 1978. *De Nationale Synode van Dordrecht, 1578*. Amsterdam.

Pont, A D 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg, Deel I*. Pretoria: HAUM.

Reid, W S s a. Calvin and the fouding of the Academy at Geneva. *The Westminister Journal of Theology* 18, 1-33.

Stone, H J S 1979. Staatsgesag en onderwysvryheid. Ongepubliseerde DEd-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Towns, E L 1975. *A history of religious education*. Grand Rapids: Baker.

Van der Walt, J L & Dekker, E I 1983. *Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente*. Potchefstroom: Pro Rege.

Van Det, E J 1983. *De Bond van Nederlandse Onderwijzers*. Amsterdam: SUA.

Van Jaarsveld, F A & Scholtz, G D 1965. *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Pretoria: Van Schaik.

Van Rensburg, C J J, Kilian, C J G & Landman, W A 1979. *Fundamenteel-pedagogiese begripsverklaringe: 'n Inleidende oriëntering*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Zyl, P 1970. Die idee van geborgenheid: 'n Studie in die wysgerige antropologie. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Venter, E A 1972. *Calvyn en die Calvinisme*. Bloemfontein: Sacum.

Venter, I S J & Verster, T L 1989. *Opvoedingstemas in tydsperspektief 3*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Versluys, J 1878. *Opvoeding en het onderwijs. Tweede gedeelte: Van Jesus tot de zeventiende eeu*. Groningen: W Versluys.

Versluys, J 1879. *Opvoeding en het onderwijs. Eerste gedeelte: De Oudheid*. Groningen: W Versluys.

Wouters, D & Visser, W L 1926. *Geschiedenis van de opvoeding en het onderwijs vooral in Nederland*. Groningen: Wolters.